

PJ Kriel

05.06.2015

Inhoud Hierdie preek spreek die probleem aan dat gelowiges met hul self en geestelikes gekonfronteer word dat hulle moet bewys dat hulle liefde vir god en hul naaste opreg bedoel is omdat die verklaring van hul liefde nie vir God of ander goed genoeg is nie. Dit wys dat God ons liefde in Christus reg en heel maak sodat God en nie ons nie die bedoeling van liefde herstel. Christus maak ons nuut as beeld van God. Dit is nie mense wat hul self nuut moet maak as beeld van God nie. Gelowiges leef in die bedoeling wat God aan hulle liefde gee. Hulle moet nie eers hulle liefde reg bedoel voor hulle God en hul naaste kan lief hê nie.

Skriflesing: Ef. 2:1-10; 4:17-24 (Nuwe Direkte Vertaling)

Teks: Ef. 4:24: *“Ja, trek die nuwe mens aan wat in geregtigheid en ware heiligheid na God se beeld geskep is.”*

Tema: God laat ons liefde vir Hom en ons naaste, opregbedoelde liefde wees

1. Het ons liefde vir God en ons naaste die regte bedoeling?

Dit is die vraag wat Ef. 4 vers 24 beantwoord: wanneer is ons liefde vir God en ons naaste, liefde wat reg bedoel is?

2. Vir ons is hierdie spesifieke saak gewoonlik 'n verleentheid.

Hierdie saak stel ons gewoonlik in 'n heeltemal magtelose posisie – dat ons moet bewys of verduidelik dat ons liefde die regte bedoeling het.

Die rede hiervoor is die wyse waarop ons gewoonlik, of deur onself of deur ander, hieroor aangespreek word.

Ken u hierdie vraag?

“Ja, maar bedóél jy dit regtig?” “Bedoel jy regtig Hierdie liefde wat jy hier teenoor my verklaar of hier teenoor my wys?”

3. Elkeen van u ken hierdie situasie op een of ander manier!

Hier het ek nou net die krag, die vrymoedigheid en die motivering bymekaar geskraap om my liefde openbaar te verklaar en om my liefde te gee – en die reaksie wat ek dan kry, is hierdie vraag: “Maar bedoel jy dit regtig en opreg?”

Wat moet ek meer doen as die openbare verklaring van en die gee van my liefde, om te bewys dat ek dit opreg en regtig bedoel?

God laat ons liefde vir Hom en ons naaste, opregbedoelde liefde wees

Wat moet ek doen om te bewys dat die liefde wat ek gee en verklaar, nie verkeerd bedoel is nie, nie vals en eintlik met bymotiewe is nie?

Moet ek 'n plegtige verklaring maak dat dit wat ek doen, opreg en regtig is? Hoe sal hierdie eed beter wees as die gee en verklaar van liefde, want die persoon wat gee en verklaar bly dieselfde persoon wat die eed moet aflê?

Dit is die vernedering wat in hierdie vraag oor liefde wat gegee en verklaar word, gestel word: die liefde wat jy gee en verklaar, is nie genoeg nie.

4. Hoe bewys 'n mens dat jou verklaarde liefde eg en opreg is? Reg bedoel is? Wat moet 'n mens meer sê en meer doen om die regte bedoeling te gee aan wat jy nie reg sou bedoel het nie?

Alles wat meer is as die aanvaarding van die bedoeling van jou liefde, gaan oor die onsekerheid van jou liefde se bedoeling.

Hoe gee jy liefde vir iemand wat nie seker is of kan wees, van die bedoeling van jou liefde nie? Want jou liefde self maak jou bedoeling met die liefde, volgens hierdie vraag, net nie duidelik genoeg nie.

5. Daarom maak hierdie vraag waarmee ons kort-kort van kansels en begeesterde mense gekonfronteer word, ons moeg en magteloos: “Bedoel jy regtig jou liefde vir, en diens aan, die Here?” of “Het jy die Here regtig lief?”

Kom ons kyk weer na wat Paulus vir ons verkondig oor bedoelde Liefde!

Dit is die inhoud en betekenis van Efesiërs 4:24: *“Trek die nuwe mens aan wat 'n geregtigheid en ware heiligheid na die beeld van God geskep is.”* – dit wys ons hoe ons liefde vir God en ons naaste, liefde is wat reg bedoel is.

6. Hierdie sin klink vir ons heeltemal onverstaanbaar en voel vir ons heeltemal lewensvreemd wanneer ons dit die eerste keer hoor. Die rede hiervoor is dat die geloofsinhoud van hierdie sin vreemd is aan ons natuurlike verstaan van sake, en ook vreemd is aan ons eie gewone gemoedstoestand en innerlike oortuigings.

Kom ons kyk dus na elke deel van hierdie vers afsonderlik, voor ons probeer om die vers in sy geheel te verstaan.

Hier word twee baie belangrike Bybelse woord gebruik: geregtigheid en heiligheid.

God laat ons liefde vir Hom en ons naaste, opregbedoelde liefde wees

- ‘Geregtigheid’ is die Bybelse woord vir die regte liefde op die regte manier: volgens die Wet van die Here. Regte liefde wat reg bedoel word, word in die Bybel ‘geregtigheid’ genoem.
- ‘Heiligheid’ is die Bybelse woord vir volkome liefde wat ten volle bedoel word, volgens die hele bedoeling van God se Wet. Volkome liefde wat ten volle reg bedoel word, is heiligheid.

Geregtigheid en ware heiligheid is dus liefde wat reg en ten volle bedoel word as liefde.

7. Kom ons kyk na die tweede deel van die sin wat vir ons eie aanvoeling vreemd is: die uitdrukking “beeld van God.”

Om die betekenis van dié uitdrukking te verstaan, moet ons dit met Efesiërs 2 vers 10 vergelyk, want hierdie twee verse het feitlik dieselfde betekenis: *“Van Hom is ons immers ’n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef soos God dit voorberei het.”*

“Beeld van God” beteken om gemaak te wees soos God jou bedoel het om mens te wees. Soos God jou bedoel het om te wees toe Hy jou gemaak het, maak jou God se beeld: Hy maak jou soos Hy jou as mens wil hê.

Hoe het God mense bedoel om mens te wees? Om God en hulle naaste regtig, met die regte liefde, ten volle lief te hê! God het ons geskep om menslike liefde regtig ten volle te bedoel. Dit is die goeie werke van vers 10: reg-bedoelde liefde.

8. Die derde deel van die sin wat moeilik is om te verstaan, is die uitdrukking: “Trek hierdie nuwe mens aan”. Hierdie nuwe mens is die mens wat regtig liefde reg bedoel.

Dit sou vir ons baie makliker gewees het om te verstaan as hier gestaan het ons moet hierdie nuwe mens wéés. Ons moet die nuwe mens wees wat regtig regte liefde ten volle bedoel wanneer ons dit gee en verklaar. ’n Bevelsin soos “bedoel regtig jou liefde”, sou vir ons maklik verstaanbaar gewees het.

Maar dit is net een kant van die saak. Die ander kant van saak is dat as ons hierdie sin só sou verstaan het, sou dit baie duidelik vir ons gewees het wat ons moes doen, maar ons sou dit nie kon doen nie. Al verstaan ons baie mooi dat ons ons liefde ten volle reg moet bedoel, kan ons dit nie só gee en verklaar nie.

Die rede hiervoor is die saak wat Paulus in ons gelese gedeelte uit Efesiërs, noem ‘ons sondige begeertes’. Ons sondige begeertes maak dat ons liefde nooit ten volle reg bedoel nie.

God laat ons liefde vir Hom en ons naaste, opregbedoelde liefde wees

Enige liefde wat ons het en gee, is altyd deel van een of ander sondige begeerte wat ons het. En omdat ons in ons liefde ook ons begeertes wil bevredig, gee en verklaar ons liefde nooit net soos God dit bedoel om liefde te wees nie.

Ons kan nooit die liefde wat reg is volgens God se Wet, ten volle reg bedoel nie – nie omdat God se bedoeling so moeilik is nie. Inteendeel. Maar ons kan nie liefde gee en verklaar sonder ons eie begeertes nie.

9. Dit is presies hoekom in ons teksvers staan: “Trek die nuwe mens aan” en nie: “Bedoel regtig jou liefde nie.”

Want ons kan nie liefde ten volle reg bedoel, gee of verklaar nie.

Hierdie “nuwe mens” wat ons moet aantrek, is die nuwe mens wie Christus ons maak en laat wees. Daarom stel 2:10 dit as “geskep in Christus Jesus”.

Hierdie nuwe mens wat God ons maak en laat wees, is deur God voorberei: Hy het hierdie nuwe mens beplan en gemaak, en Christus is hierdie nuwe mens wat God voorberei het.

Deur ons in te sluit, ons te verenig met wie Christus as hierdie nuwe mens vandag in die Hemel is, laat God ons deel in wie Christus is. God laat ons liefde, wat ons nooit regtig ten volle reg kan bedoel nie, in ons vereniging met Christus deel wees van die bedoeling van Christus se liefde.

Christus se liefde is geregtigheid en heiligheid. Dit is hoe Hy liefde bedoel en gee. Deur ons by Christus in te sluit as mens, gee God aan ons liefde dieselfde bedoeling as Christus se liefde, geregtigheid en ware heiligheid.

God maak die bedoeling van Christus as mens, die bedoeling van ons eie verkeerd-bedoelde en misplaasde liefde. God maak ons liefde só! Dit is iets wat God in ons liefde skep!

10. Dit is hoekom die opdrag van die Here is dat ons hierdie regverdigheid en heiligheid moet “aantrek”. Dit is Christus s’n wat ons as ons eie moet aantrek.

Hierdie aantrek-opdrag beteken dat ons moet glo dat God aan ons liefde hierdie bedoeling gee, wat ons nie self aan ons eie liefde kan gee nie. God gee aan ons liefde vir Hom die betekenis van Christus se liefde vir Hom.

“Aantrek” beteken om te glo dat God ons insluit in die bedoeling van Christus se liefde as mens, op so wyse dat ons kan vertrou dat dit nou, deur God, ook die bedoeling van ons liefde vir God en ons naaste is.

God laat ons liefde vir Hom en ons naaste, opregbedoelde liefde wees

11. Daarom mag ons in die Kerk van die Here nooit mense op hierdie wyse konfronteer oor hulle liefde vir God nie: “Maar bedoel jy dit regtig opreg?”

Die regte en volle bedoeling van liefde kom nie uit ons eie werke nie. Ons kan dit nie met ons inspanning so maak en laat wees nie.

Die regte en volle bedoeling van liefde is genade. Ons leef in die bedoeling wat God aan ons liefde gee. Die bedoeling wat ons nooit self só aan ons eie liefde kan gee nie. God laat die bedoeling van ons liefde regverdig en heilig wees.

12. Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig.

Ons doen dit baie keer met die liefde wat ons kinders vir ons gee.

Ons weet ons eie kinders kan nooit hulle eie liefde vir ons gee buite en sonder hulle eie kinderlike begeertes nie.

Ons doen iets as ouers met hulle misplaasde kinderlike liefde: ons maak dit reg en volkome. Ons gee aan hulle liefde die bedoeling van reg en volkome vir ons. En dit is iets in ons hart wat ons met die liefde doen wat hulle gee en verklaar.

13. Nooit mag ons weer voor hierdie ontbloting staan – jy moet jou eie bedoeling met God ondersoek, of dit regtig reg en volkome is nie.

Wat ons binne ons liefde sal vind, is baie sondige begeertes. Maar hierdie begeertes in ons eie liefde, maak nie meer ons liefde sonder die regte bedoeling nie. Ons sondige begeertes maak nie ons liefde meer ongeregig of onheiligheid nie.

Want ons is aangetrek met die bedoeling van Christus se liefde, as mens, vir God en Sy naaste.

Ons mag Christus aantrek!

Want Hy gee hierdie bedoeling aan ons liefde as gawe. Die regte en volle bedoeling van liefde is nie ons verdienste nie, dit is 'n gawe wat God gee!

Dit is die wyse waarop God ons liefde weer die goeie werk laat wees waarvoor Hy ons gemaak het: Hy berei hierdie bedoeling voor as gawe wat Hy gee.

Daarom mag ons vrymoedig ons liefde vir God as Vader verklaar, en mag ons vrymoedig ons liefde aan God die Vader gee.

Omdat ons Christus se heiligheid en geregtigheid aantrek.

God laat ons liefde vir Hom en ons naaste, opregbedoelde liefde wees

Kom ons stop hierdie selfverminking waarin ons elke keer ons liefde vir God moet uitkeer en omkeer om te kyk of ons die regte bedoeling aan ons liefde vir God gegee het. Ons kan nie. God skep hierdie wonder dat Hy aan ons liefde die waarde van die volle regte bedoeling gee.

Kom ons stop hierdie terreur dat dominees en geestelikes as selfaangestelde kontroleurs ons vermink deur ons liefde die regte bedoeling te ontsê, omdat hulle ons oor al ons verkeerde begeertes aanspreek.

Kom ons trek Christus aan en gee en verklaar ons liefde vir God vrymoedig. Ons liefde vol verkeerde begeertes, maak God vir ons reg-bedoelde liefde vir Hom.